



24 Maart 2021

Ouerbrief 4 van 2021

Geagte Ouers

Die eerste 6 weke van die skool kwartaal is agter die rug en ons is dankbaar dat ons tot op hede geen ernstige gevalle van Covid ondervind het nie. Die seisoen is besig om te wissel en ons is bewus dat daar ook sekere siekte toestande daarmee gepaard gaan. Ons versoek vriendelik dat die leerders wat vroeg in die oggende afgelaai word asb. 'n warm skoolbaadjie sal aantrek. Indien 'n leerder 2 of meer simptome het mag hy/sy nie skool bywoon nie.

Neem asb. kennis van die volgende inligting:

AFLAAI VAN LEERDERS

Leerders wat voor 06:45 afgelaai word in die oggende maak gebruik van Hek 2 vir toegang. Die leerders se temperatuur sal gemeet word en hulle sal toegelaat word om op die hokkieweld te wag. Neem asb. kennis dat die personeel wat terreindiens doen eers vanaf 06:45 aanmeld.

AKADEMIE GR. R - 3

Dit is vir ons as Grondslagfase personeel weer lekker om elke dag 'n vol klas met vrolike gesiggies te onderrig. Daar word hard gewerk in die klasse en ons waardeer u as ouers se hulp om die huiswerk getrou te doen. Die leerders in Gr. 1 - 3 was lekker bederf met 'n virtuele besoek van Boekbuddies op 17 Maart 2021. Ons glo die leerders het dit baie geniet en is sommer weer lus vir lees. Lees bly een van die belangrikse fasette van onderrig en dit moet alreeds vanaf 'n jong ouderdom aan gewakker word. Ons as personeel rig hiermee ook 'n versoek aan ouers om toe te sien dat u kind elke dag sal hardop lees.

Op Donderdag, 22 April 2021 sal daar 'n virtuele oueraand plaasvind. U sal weer inskakel op u kind se klas sodat die nodige inligting aan u gekommunikeer kan word. Inligting sal nader aan die tyd aan u verskaf word.

Op Vrydag, 23 April 2021 ontvang die leerders hul rapporte vir kwartaal 1. Ons leerders moet volhard met die take wat hulle aanpak, 'n werverdiende ruskans is om die draai.

AKADEMIE GR. 4 - 7

Baie sterkte aan die Gr. 4 - 7 leerders wat môre, 25 Maart begin met die toetsreeks vir die kwartaal. Aangesien die kwartaal so laat begin het is daar besluit om nie op Dinsdae en Donderdae toets te skryf nie maar wel van 'n toetsreeks gebruik te maak. Sien asb. die onderstaande toetsrooster vir meer inligting.

DATUM	DAG	VAK	GRAAD	HERTOETS 14:00
25 Maart	Donderdag	Afrikaans Taal	Gr. 4 - 7	
26 Maart	Vrydag	PSW	Gr. 4 - 6	
		EBW	Gr. 7	
29 Maart	Maandag	English Language	Gr. 4	Afr Taal Gr. 4 - 7
		English Comprehension	Gr. 5 - 7	
30 Maart	Dinsdag	English Comprehension	Gr. 4	PSW Gr. 4 - 6
		English Language	Gr. 5 - 7	EBW Gr. 7
31 Maart	Woensdag	Wiskunde	Gr. 4 - 7	
1 April	Donderdag	NW & Teg	Gr. 4 - 6	
		NW	Gr. 7	
6 April	Dinsdag	Geskiedenis	Gr. 4 - 6	EngLang & Comp Gr. 4 - 7
		Tegnologie	Gr. 7	
7 April	Woensdag	Afrikaans Begripstoets	Gr. 4 - 7	Wisk Gr. 4 - 7
8 April	Donderdag	Geografie	Gr. 4 - 7	NW & Teg Gr. 4 - 7 NW Gr. 7
9 April	Vrydag	Afrikaans Kreatiewe Skryf	Gr. 4 - 7	Gesk Gr. 4 - 6 Teg Gr. 7
12 April	Maandag	English Creative Writing	Gr. 4 - 6	
		Geskiedenis	Gr. 7	Geografie Gr. 4 - 7
13 April	Dinsdag	Wiskunde Aktiwiteit	Gr. 4 - 6	Afr Begrip Gr. 4 - 6
		LO	Gr. 7	Geskiedenis Gr. 7
14 April	Woensdag	English/Afrikaans Aktiwiteit	Gr. 4 - 6	
		SK	Gr. 7	Afr Begrip & LO Gr. 7

LEERDERS WAT AFWESIG WAS VIR KWARTAAL TOETSE

Ons is bewus dat daar ouers is wat alreeds in 2020 vakansies bespreek het en wat nou bots met die toetsrooster. Indien 'n leerder afwesig is vir die toetsreeks a.g.v. 'n vakansie MOET die ouer asb. 'n epos vir die betrokke Graadhoof stuur met die nodige inligting rakende die saak. Die Graadhoof sal terugvoer gee i.v.m. hertoetse, sien ook asb die bostaande toetsrooster vir wanneer hertoetse geskryf gaan word.

Indien 'n leerder afwesig is a.g.v. siekte moet u asb. 'n epos stuur vir die Graadhoof. Let asb daarop dat die leerders wat afwesig is vir die toetsreeks, hetsy vakansie of siekte wel die hertoetse moet skryf. Hertoetse sal in die middag geskryf word en nie gedurende skoolure nie.

Daar sal 'n alternatiewe reëling getref word met leerders wat in isolasie is a.g.v. Covid tydens die toetsreeks.

Epos adresse van Graadhoofde

Gr. 4: lsmit@lardies.co.za

Gr. 5: jnaude@lardies.co.za

Gr. 6: evanrooy@lardies.co.za

Gr. 7: cclaassen@lardies.co.za

SLUITING VAN SKOOL OP DONDERDAG, 1 APRIL 2021

Die skool kwartaal is redelik lank en die April vakansie wat voorlê is net een week lank voordat die skool weer heropen op Maandag, 3 Mei 2021. Die skool sal dus op Donderdag, 1 April 2021 om 10:00 sluit vir die Paasnaweek.

LARDIE KOMPETISIE

Tydens die AJV van 2020 is die Lardie Kompetisie as fondsinsamelingsprojek goedgekeur. Die Lardie Kompetisie boekies word einde Maart uitgedeel en daar is 52 ongelooflike pryse wat vanjaar gewen kan word. By voorbaat dankie aan al ons ouers wat ons gaan ondersteun om ook van die geleentheid 'n sukses te maak.

GRAAD R EN GRAAD 1 INSKRYWINGS VIR 2022

Ons ervaar tans baie navrae i.v.m. die Gr. R en Gr. 1 inskrywings vir 2022. Daar is reeds ouers wie se inskrywings op ons Afwaglêer geplaas is vir 2022. Ouers kan nou reeds hul kinders inskryf vir 2022 deur die onderstaande prosedure te volg:

- Inskrywingsvorms is beskikbaar op die skool se webtuiste (Inskrywingsvorms)
- Voltooi asb. die vorm volledig met swart pen.
- Heg asb. die volgende afskrifte aan (duidelik leesbaar)
 - Geboortesertifikaat
 - Immuniseringskaart
 - ID's van beide ouers
 - Bewys van adres (huur/koop kontrak; water & ligte rekening; beëdigde verklaring van eienaar by wie gehuur word; bewys van jou Bank met Bankstempel (nie ouer as 3mnde nie)
- Plaas volledige pakkie dokumente in 'n A4-grootte koevert en handig in by die toegangshekkie (Admin hek) in Albertonstraat.
- Inligting op koevert: Leerder se Naam, Van en Graad in 2022
Ouer se Naam, Van en selfoonnommer

Geen inskrywingsvorms sal aanvaar word indien die nodige dokumente nie volledig ingehandig is nie.

Ouers wat verhuis vanaf 'n ander provinsie, kan 'n epos stuur aan kantoor@lardies.co.za met die volledige pakkie dokumente, om op ons Afwaglêer te plaas.

Let Wel: Die Gauteng Departement van Onderwys se aanlynstelsel moet ook gebruik word waarop ouers hulle kinders registreer vir plasing by die skool van keuse. Sodra meer inligting ontvang is vanaf die GDO, sal ouers in kennis gestel word. Die datum vir aanlyn inskrywings van genoemde stelstel word jaarliks op die TV-nuuskanale en radiostasies bekend gemaak.

Ouers word versoek om ons webtuiste en facebook-blad dop te hou vir ons virtuele Opedag wat sal plaasvind op Saterdag, 17 April 2021.

PROSES WAT GEVOLG MOET WORD INDIEN 'N LEERDER IN KONTAK WAS MET 'N POSITIEWE COVID-19 GEVAL

- Geen leerder wat in kontak was met 'n persoon wat positief getoets is vir Covid-19 mag skool bywoon nie.
- Stuur 'n epos aan die Graadhoof met die nodige inligting. (Sien huiswerkboek bl 12 - 14 vir epos adresse)
- Die leerder moet vir 10 dae isoleer, maar sal nie afwesig gemerk word nie. Die leerder moet van Google Classroom gebruik maak vir onderrig. Die formele assesserings wat in daardie tyd plaasvind sal ingehaal word sodra die leerder weer skool mag bywoon. Die Graadhoof sal 'n uiteensetting van die assesserings maak sodat daar nie te veel assesserings op een dag geskryf word nie.
- Daar sal alternatiewe reëlings getref word met die leerders wat afwesig is a.g.v. Covid-19 redes tydens die toetsreeks.

LIGSTRAALTJIES KLEUTERSKOOL

Ons verkeer om die skool veroorsaak geweldig probleme en ons verstaan dat dit 'n kopseer vir almal is. Ons versoek egter vriendelik dat indien dit moontlik is, u nie in die opritte van erwe of voor die ingang van Ligstraaltjies Kleuterskool in Albertonstraat sal parkeer nie. Die veiligheid van die kleuters van Ligstraaltjies asook ons eie leerders is vir ons belangrik.

Baie sterkte vir die laaste paar weke, bly veilig en gesond!

Vriendelike Lardie-groete

**ME H BARKHUIZEN
ADJUNKHOOF**

**MNR T HUMAN
SKOOLHOOF**